



CHRISTIAN LITERATURE FUND  
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

**Pinkster 2019**

## **God beweeg na en saam met sy skepping**

God skep die mens na sy beeld en nooi ons uit om deel te neem in sy beweging met die skepping

### **Onderwerpe**

*Dag 1:* **God skep die mens na sy beeld (Genesis 3:9; 4:9)**

*Dag 2:* **God maak ons weer heel (Genesis 3:9; 4:9)**

*Dag 3:* **God verbind Hom aan ons ... (Genesis 11:4-9, 11:30-32 en 12:1-9)**

*Dag 4:* **God verbind Hom aan ons ... juis ook terwille van ander (Genesis 11:4-9, 30-32; 12:1-9)**

*Dag 5:* **God stel Homself bekend ... en Moses trek sy skoene uit (Eksodus 3:1-18; 6:1-6)**

*Dag 6:* **God kom woon tussen ons ... as h mens! (Johannes 1:1-8, Filippense 2:5-11)**

*Dag 7:* **Simeon en Anna by die tempel (Lukas 2:25-39)**

**Dag 8: God kom woon binne-in ons – deur die Heilige Gees (Johannes 14:15–17, 16:7–15 en Handeling 2:1–4, 12–21)**

**Dag 9: Die Vader omhels ons en nooi ons uit vir die fees (Lukas 15:1–3, 11–32)**

**Dag 10: God neem ons saam in sy beweging na die wêreld (Handeling 1:8, 2:1–21, 32–42)**

Ons is groot dank verskulding aan die Christelike Lektuurfonds (CLF) wat weer bereid is om die reeks oordenkings vir Pinkster 2019 elektronies beskikbaar te stel aan gemeentes wat die materiaal wil gebruik. Danny Fourie en Amanda Carstens van CLF het die reeks elektronies afgerond. Dit is 'n voorreg om saam met julle te werk.

Dankie aan Gideon van der Watt wat die reeks saamgestel het. Ons het groot waardering dat hy die vrug van sy nadenke beskikbaar stel aan gemeentes om in Pinkster saam te beweeg met God deur sy skepping. Die redaksie van Pinkster 2019 het in gesprek met Gideon besluit om vanjaar van die patroon af te wyk en een skrywer te gebruik, nadat daar die afgelope jare meerdere skrywers uit die meewerkende kerke gebruik is. Ons hoop die samehang in tema en styl help gemeentes om die ritme van God se beweging op te vang en as Pinkstergemeenskappe met die boodskap van versoening in Jesus Christus na die wêreld te beweeg.

Mag Pinkster 2019 in julle gemeente geseënd wees en mag die Heilige Gees ons help om die ritmiese beweging van God na en in ons omgewing op te tel en uit te leef. Dit alles sodat God se beweging na en met sy skepping nie by ons as sy beeldtraers stol nie.

*Eddie Orsmond en Donald Gantana*

(Namens die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis)

## Woord vooraf

Pinksterreeks 2019 handel oor God se beweging na die wêreld toe. God kom ons mense tegemoet. Telkens is dit 'n naderkom in liefde – met oopgestrekte arms om sy skepping en skepsels te omhels. By die groot momente deur die hele Bybelverhaal heel sien ons deurentyd iets van dié beweging van God. Telkens laat God se naderkom ons mense in verwondering – om ons dan weer in beweging te bring. Die heen en weer beweging van God en mens word soos 'n dans waarin God beweeg en die mens reageer op die ritme van God se liefde en genade.

Dis wat ons bedoel met die *missio Dei*, God se sending, sy beweging na 'n stukkende wêreld, omdat God die wêreld oneindig lief het. In sy liefdesbeweging na en in die wêreld sluit God mense in, nooi God ons uit tot die dans. Die vraag wat ons moet beantwoord, is of ons die uitnodiging aanvaar.

In die Pinksterreeks wil ons saam, opnuut, iets van God se grootheid en goedheid ontdek.

In sy boek *Ons GLO in. Gedagtes en motiewe uit wat die kerk bely oor God as Vader, Seun en Heilige Gees* (BM, 2018), skryf Dirkie Smit in Deel 1 oor die tema wat hierdie reeks by Dag 1 bespreek. Smit noem sy afdeling: “Vernuwe! – na die beeld van ons Skepper. Wat Christene bely oor God as Skepper”, na aanleiding van Kolossense 1:15–20; 2:9–10; 3:9b–10. Paulus se bedoeling met die woorde “Vernuwe! – na die beeld van ons Skepper” kan ons help met perspektief vir die Pinksterreeks wat hier volg.

Smit beklemtoon die radikaliteit van Paulus se uitdrukking. Hy sê uitdruklik: “na die beeld van die Skepper self! Na sý beeld! Na God se beeld!” Smit verduidelik die betekenis hiervan met 'n beeldende vergelyking. Hy skryf dat hier nie sprake is van klei wat verander word na die beeld wat die pottebakker van die klei het nie, maar juis na die beeld van die pottebakker self. Volgens Smit is die nuwe element wat Paulus hier beklemtoon dat hy berekend sê ons word na die beeld van die Skepper vernuwe.

Gideon van der Watt herinner ons in sy reeks daaraan dat God die mens na sy beeld geskep het. Hy vertel ook hoe die mens van God afvallig geword het en hoe God weer die mens kom opsoek om die mens in 'n herstelde verhouding met God te plaas. God beweeg telkens na die mens toe, neem inisiatief en reik uit na mense wat voortdurend wegbeur van God se genade. Nou praat Paulus vanuit 'n Nuwe-Testamentiese perspektief met die Kolossense van die vernuwing van die mens na die beeld van God self. God se opsoekende beweging na die mens hou nie op nie.

Smit wys daarop dat hierdie tema nou al vir langer as 'n eeu 'n hoofmotief agter die Pinksterbidure in baie Suid-Afrikaanse kerke en gemeentes is. “Vroeër is dikwels in Pinkstertyd gepraat van en gebid vir herlewing, geestelike herlewing, vernuwing – al is dit ingrypend van aard, met verreikende gevolge vir ons lewe.” Die Christelike belydenis en tradisie, in navolging van die Bybel, is juis dat die Heilige Gees die Here is wat lewend maak.

Die tema van hierdie Pinksterreeks is dat God die mens na sy beeld geskep het. Dirkie Smit herinner aan die voortgaande werk van vernuwing deur die Heilige Gees. Pinkster bied die

ruimte waarin ons as gelowiges bid vir die vernuwing van die beeld van God in ons. In die lig hiervan is die uitdaging om erns te maak met die vraag na wat dit sou kon beteken om na die beeld van die Skepper vernuwe te word in Pinkstertyd. Van der Watt help ons met h antwoord, as hy fokus op hóé God is en wié die Skepper is na wie se beeld ons geskape is en na wie se beeld ons vernuwe word.

God die Skepper is die Een wat voortdurend na sy skepping en skepsels beweeg en mense opsoek, roep, uitnoui tot deelname aan sy uitreik na die wêreld. Van der Watt help ons ook om in te sien wat met mense gebeur (hoe ons al meer lyk) as ons in God se ritme kom om deur die lewendmakende Gees na die beeld van die Skepper vernuwe te word.

Mag die tien meditasies wat hier volg, in God se hand instrumente wees wat ons help om God se naderbewegende liefde te herken. Mag dit ons help om ritmies te reageer op God se liefdesdans, om God se hart na die wêreld te dra.

## **Dag 1: God skep die mens na sy beeld**

Genesis 3:9 en 4:9

### **So was God van die begin af**

Van die begin af tree God uit Homself die mens én sy skepping tegemoet. God reik uit na alles wat Hy geskep het, maar ook na ons as mense, die kroon van sy skepping. In hierdie reeks oordenkings onthou ons God het alles gemaak en dat Hy dit steeds versorg en onderhou. Ons onthou die mens vorm deel van God se skeppingswerk. Binne hierdie raamwerk roep God ons om sy medewerkers te wees. Ons kan nie oor menswees dink, buite om die skepping wat God goed gemaak het nie.

Met die oog op hierdie Pinksterreeks en die oordenkings wat fokus op God wat na sy skepping toe beweeg, herinner ons mekaar egter spesifiek aan God se beweging na en met die mens. God buig na ons toe neer, Hy kom nader na ons toe. God se bewegings na ons toe laat ons nie onaangeraak nie. God se beweging na ons toe, bring ons ook in beweging. Reeds op die eerste bladsye van die Bybel lees ons van so 'n eerste groot beweging van God.

Hierdie eerste groot beweging van God behels 'n tweeledige gerigtheid: (i) God skep die mens na sy beeld, en; (ii) God maak ons weer heel. Al kan ons hierdie eerste beweging van God onderskei in twee aktiwiteite, is dit nie moontlik om die aktiwiteite van mekaar te skei nie. Ons moet daarvoor dink as 'n eenheidshandeling van God. Nietemin. Met die oog op die Pinksterreeks, onderskei ons tussen die twee handelinge en maak daarvan twee oordenkings. Vir diegene wat nie tien geleenthede skep vir die Pinksterbyeenkomste nie, kan Dag 1 en Dag 2 se oordenkings as eenheid hanteer word.



### **God se eerste beweging is om mense na sy beeld te skep**

In digterlike taal vertel Genesis 1 en 2 van die grootheid en almag van God die Skepper en die wonder van sy handewerk. Selfs God verwonder en verlustig hom aan die prag van die skepping. God het veel vreugde aan wat Hy gemaak het. Dis asof Hy tevrede terugstaan en kyk na alles wat Hy geskep het – soos 'n tuinier haar verlustig in haar tuin wat kleurvol in die blom staan. Sy ruik aan die blomme en roep verheug uit dat dit heerlik, goed en verruklik is! Dit is presies wat God doen na elke skeppingsdaad. Hy spreek met genoegdoening: "Dit is goed!" God se liefde het hom beweeg om alles te maak, uit reine liefde, tot sy lof en sy eer.

Die heel mooiste wat God gemaak het, is die mens. Van al die dinge wat God geskep het, is net die mens na die beeld van God gemaak. Hierdie getuigenis behoort ons te oorweldig en tot diepe nederigheid te stem. Die mens, na God se beeld, is hy/sy geskep!

### **Betekenis van die mens as beeld van God**

Wat beteken dit om na die beeld van God geskep te wees? Dit beteken méér as een ding.

#### *Die lewensasem van God*

Beeld van God het te doen met die lewensasem wat God in die mens se neus ingeblaas het. Dit is God se Gees wat in ons woon! Dis dié Gees wat mense na God laat aard, iets van God se karakter in ons laat weerkaats. Iets laat vertoon van God se liefde, van God se omgee, van God se heiligheid en geregtigheid.

### *In gesprek met God*

Beeld van God beteken ook dat die mens met God in gesprek kan tree. Die mens kan hoor as God met hom of haar praat. Die mens kan terugpraat. Die mens kan bewustelik met God in 'n liefdesverhouding staan. Die mens kan sy of haar liefde vir God in woorde sê.

Daarom was dit vir God so lekker om in die koelte van die aand saam met die mense deur sy tuin te stap en te gesels. Beeld van God beteken dus: om met God in verhouding te kan staan.

### *Man en vrou in verhouding met mekaar*

Beeld van God lê ook daarin dat God mans en vroue gemaak het, medemense vir mekaar, sodat die verhouding tussen mense – en spesiaal ook die verhouding tussen man en vrou – iets van die liefdesverhouding binne die drie-enige God kan weerkaats. Ons verhoudings met mekaar weerspieël God se beeld. Dit beteken ook dat ons die beeld van God in mekaar sal respekteer. In alle mense.

Dit was die betekenis daarvan dat hulle kaal was, sonder selfbewussyn – die onskuldige mens het niks gehad om oor bang te wees, of om oor skaam of skuldig te voel nie. Ook in ons verhoudings met ander is ons bedoel om iets van God se liefde te weerkaats, iets van sy omhelsing van die ander.

### *Verteenwoordiger van God*

Om beeld van God te wees beteken ook om God se verteenwoordiger op aarde te wees, om die tuin te bewerk en te bewaar – om as God se bestuurder of rentmeesters oor sy eiendom te regeer – tot beswil van God se skepping.

### **God se liefdesmotief**

Die wonder, die mooi van menswees as beelddraer van God is dat ons dus in 'n (i) bewustelike liefdesverhouding met God staan, (ii) ons leef in 'n tevrede verhouding met onself, (iii) ons handhaaf 'n respekvolle verhoudings met ander en (iv) ons staan in 'n verantwoordelike verhouding tot al God se skeppingwerk.

Dit was die diepste bedoeling met alles wat God gemaak het. Dit was die liefdesmotief waarmee God alles geskep het. Uiteindelik gaan alles oor verhoudings, en spesiaal dan die verhouding met God. En kyk, dit was baie goed!

### **Vernuwe na die beeld van ons Skepper**

Dink oor hoe Dirkie Smit ons herinner daaraan dat Paulus se boodskap aan die Kolossense 'n verduideliking is van hoe die lewendmakende Gees ons as mense na die beeld van die Skepper vernuwe. Dit doen die Gees deur ons te begelei tot volle kennis van God. Die vernuwing na die beeld van ons Skepper behels dat ons beter insien, verstaan en onthou wie God die Skepper is en hoe Hys is.

Ontvang hierdie woord. Word opnuut bewus hoe God na jou toe kom vandag. Dit is Pinkster 2019!

## **Dag 2: God maak ons weer heel**

Genesis 3:9 en 4:9

### **Aansluiting by Dag 1 se oordenking**

Van die begin af tree God uit Homself, die mens én sy skepping tegemoet. God reik uit na alles wat Hy geskep het, maar ook na ons as mense, die kroon van sy skepping. In hierdie reeks oordenkings onthou ons God het alles gemaak en alles steeds versorg en onderhou. Ons onthou die mens vorm deel van God se skeppingswerk. Binne hierdie raamwerk roep God ons om sy medewerkers te wees. Ons kan nie oor menswees dink, buite om die skepping wat God goed gemaak het nie.

Met die oog op hierdie Pinksterreeks en die oordenkings wat fokus op God wat na sy skepping beweeg, herinner ons mekaar egter spesifiek aan God se beweging *na* en *met* die mens. God buig na ons toe neer, Hy kom nader na ons toe. God se bewegings na ons toe laat ons nie onaangeraak nie. God se beweging na ons toe, bring ons ook in beweging. Reeds op die eerste bladsye van die Bybel lees ons van so 'n eerste groot beweging van God.

Hierdie eerste groot beweging van God behels 'n tweeledige gerigtheid: (i) God skep die mens na sy beeld, en (ii) God maak ons weer heel. Al kan ons hierdie eerste beweging van God onderskei in twee handeling, is dit nie moontlik om die handeling van mekaar te skei nie. Ons moet daarvoor dink as 'n eenheidshandeling van God.

Nietemin. Met die oog op die Pinksterreeks, onderskei ons tussen die twee handeling en maak daarvan twee oordenkings. Vir diegene wat nie tien geleenthede skep vir die Pinkster byeenkomste nie, kan Dag 1 en Dag 2 se oordenkings as eenheid hanteer word.

### **God skep goed**

Ons het in die vorige oordenking gehoor die wonder, die mooi van menswees as beeldraer van God, die diepste bedoeling met alles wat God gemaak het, was/is dat alles oor verhoudings gaan. Ons het verneem hoe spesiaal die mens se verhouding met God is.

Ons het ook gehoor hoe Paulus vir die Kolossense skryf oor ons vernuwing na die beeld van ons Skepper. Ons het gehoor die lewendmakende Gees doen hierdie vernuwende werk in ons. Hy lei ons tot volle kennis van God. Die Gees laat ons sien, verstaan, onthou wie God die Skepper is en hoe Hy is.

God skep die mens sodat ons met God in verhouding kan leef. En kyk, dit was baie goed!

### **Toe kom breek die sonde alles stukkend**

Onheilspellend begin hoofstuk 3 van Genesis: Die slang ... die boosheid. Waar dit vandaan kom, bly 'n geheim. Hoekom dit gebeur, weet ons nie! Die ondenkbare gebeur. Die mens verwerp God se liefde. Die mens sê nee dankie vir God se uitnodiging tot die dans. Die mens kom in opstand teen God. Boosheid kom en breek in hierdie wêreld van God in. Dit kom breek alles stukkend. Al die verhoudings breek stukkend. In plaas van 'n gelukkige, tevrede verhouding met jouself, kom maak vrees en skaamte en skuld lêplek in die mens se hart.



Bang en skaam en skuldig gaan kruip die mens vir God weg tussen die bome van die tuin – bewus daarvan dat hulle naak voor God staan. Die boosheid breek ook die verhouding tussen mense stukkend. Adam en Eva verwyt mekaar en Kain slaan sy broer Abel dood. Stukkende verhoudings tussen mense. Kyk maar hoe lyk die wêreld vandag nog.

Ook die verhouding met God se skepping breek stukkend. Swaarkry en lyding kom die wêreld in. Die mens vergryp hom aan God se skepping, vernietig dit. Kyk net wat maak ons mense vandag nog met God se skepping.

Ja, die verhouding tussen die mens en God breek stukkend. Die mens draai sy rug op God, kruip weg vir God, probeer self God speel. Die beeld van God in die mens is gebreek, soos 'n stukkende kleipot.

Dis asof die boosheid die hele tuin kom vernietig, soos 'n haelstorm wat al die mooi blomme flenters slaan. Die tuin van Eden is verwoes, in puin gelê. Dis asof ons God se hartseer, sy lyding kan aanvoel. Die mens het die liefde waarmee God geskep het, verwerp – in God se gesig teruggegooi.

Dikwels dink ons nie so daaraan nie, maar die ergste lyding denkbaar is dié van 'n treurende God, wat lyding verduur oor alles wat stukkend gebreek het. Soos 'n Vader met 'n gebroke hart huil God oor sy kind wat ten gronde gaan. Hartverskeurend, omdat Hy weet wat die gevolge van die sonde vir sy handewerk en sy kinders inhou.

Dit is die eintlike lyding wat gekom het na die sondeval – God se lyding oor die gebrokenheid van alles.

### **Laat God dit daar?**

Gee God dan op met sy handewerk? Laat Hy sy kinders in die ellende wat hulle verdien?

Nee! Dis die aangrypende van hierdie verhaal, die eintlike punt van die verhaal. Hoe God vanuit 'n hart vol liefde as't ware uit homself tree, afkom, die wêreld intree en die mens kom soek en roep. Hy laat nie die mens in sy ellende nie. "Mens, waar is jy?" "Waar is jy?" "Adam, Eva, waar is julle?"

So soek God, so roep God. Hy roep in liefde, dringend, besorgd. Dis dieselfde roep wat deur die hele Bybelse geskiedenis weerklink. Dis waarvoor Hy sy eie Seun gestuur het na ons wêreld toe, en toe sy Gees. Om te bly roep. Dis God se sending, God se missie. Om te roep: "Waar is jy, mens?"

Dit het daar in die stukkende tuin begin. Daar waar God self vir Adam en Eva klere van velle kom maak en dit self vir hulle aangetrek het, om hulle skaamte en vrees en skuld te bedek. Daar waar God perke aan die bose kom stel het, en 'n nuwe pad met die mense begin loop het, beloftes vir die toekoms gegee het, begin het om weer sy beeld in die mens te herstel.

### **God het gemeenskap op die oog**

God se roep kom nie net na die mens alleen, as individu, nie. Tot Kain roep Hy: "Waar is jou broer?" "Waar is jou broer?" By God se roep van "waar is jy", weerklink ook dwarsdeur die Bybel die roep: "Waar is jou broer?" "Waar is jou suster?" Ook dit is deel van God se sending. Om die verhouding tussen mense heel te maak, om ons verantwoordelik vir

mekaar te maak, om ons te help om weer die beeld van God in mekaar raak te sien en te respekteer.

Dit is hier, in Genesis 3 en 4, waar God se sending, sy uitreik van genade begin, God se genade-roep: "Waar is jy?" en, "Waar is jou broer, jou suster?" Dis waaroor die hele Bybel gaan. Dis waarom God uiteindelik sy Seun Jesus Christus gestuur het, omdat God hierdie wêreld so liefgehad het, dat Hy dit nie aan die ellende wou prysgee nie.

### **God is op pad met die wêreld**

Dis waarheen God met hierdie wêreld op pad is, die einddoel van alles: Om sy stukkende handewerk weer heel te maak, die beeld van God in mense weer te herstel, verhouding tussen mense heel te maak, sy ganse skepping weer nuut te maak. Dis waarom Christus uiteindelik gekom het, om alles en almal in God se skepping weer met homself te versoen, om alles nuut te maak – 'n nuwe skepping daar te stel. Sodat elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Hy Here en God is.

Dis so mooi. Die eerste teken van hierdie herstelwerk sien ons reeds aan die einde van Genesis 4: "In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep." In antwoord op God se roep, roep die mens terug na God, roep die mens die Naam van God. Dis die hoogtepunt van alles, die doel van alles. Die mens wat op God se roep antwoord met 'n terugroep, 'n aanroep van God se Naam.

Daarheen is God se sending op pad! Hy doen dit. Hy sal dit volvoer! Dis die goeie nuus van God se sending!


### **Wat vra God van ons?**

As dit God se sending is om alles weer heel te maak, as dit Hy is wat dit self deur sy Seun en sy Gees doen, wat bly daar dan vir ons oor om te doen?

Ons roeping is maar net om vreugdevol en dankbaar te kyk en raak te sien hoe God dit doen, en dan verwonderd daarvan te getuig!

### **Dag 3: God verbind Hom aan ons ...**

Genesis 11:4–9, 11:30–32 en 12:1–9



#### **'n Tweede groot beweging van God**

Hierdie oordenking vestig die aandag op 'n tweede groot beweging van God. Dit herinner aan God wat kom en Homself aan ons kom verbind, in 'n nuwe, ewige verbintenis. God kom sluit 'n verbond met Abraham en met ons, sy kinders. God neem die inisiatief en maak ons deel van sy beweging na en in die wêreld.

Soos met die eerste oordenking, behels die refleksie op hierdie tweede beweging van God ook twee perspektiewe wat onderskei kan word, maar nie geskei moet word nie. God verbind Homself in sy verbond aan die mens. Dit is die eerste punt. Sy verbond met Abraham het egter 'n breër gerigtheid as die blote insluiting van my as 'n individu. Die tweede punt is daarom die bewussyn dat die verbondsgenade as seën uit God se hand met ander gedeel moet word.

Ook hierdie oordenking kan as een oordenking hanteer word, indien daar minder geleentheid is vir Pinksterbyeenkomste in jou gemeente.

#### **Agtergrond**

Teen watter agtergrond gebeur God se verbondsluiting met Abraham?

Genesis 11 vertel die verhaal van die toring van Babel. Die toring is simbool van die mens se opstand teen God, die rebellie wat in die Tuin van Eden begin het. Dit word hier tot 'n

soort hoogtepunt gevoer. Al die nasies besluit om saam te span en 'n toring te bou wat so hoog is dat dit tot in die hemel strek. Daarmee wou die mense vir hulleself naam maak, wou hulle die grens tussen hemel en aarde oorskry, God se gebied binneval en Hom ontthron.

Hulle het gedink as hulle dit kon doen, sou die toekoms, al hul sekerhede, in hul eie hande wees. Arrogant! Skokkend! Die mensdom wat teen God rebelleer, 'n staatsgreep probeer uitvoer!

Dis bietjie ironies, spottend, as dan beskryf word hoe God op die rebellie reageer. Hier staan, God moes laag afdal om te kom sien wat die mense doen. God is in sy wese ver verhewe bo alle menslike pogings en selfbeskouing. Wanneer die mense hulle teen God verset, kom steek God 'n stokkie voor hulle pogings. Maklik! Al wat Hy doen is om hulle taal te verwar. Daarmee krap God hul sake lekker deurmekaar. As dit nie so tragies was nie, sou mens eintlik lekker kon lag as jy dink hoe 'n Babelse verwarring dit moes gebring het.

Van hierdie grootse projek om 'n toring te bou tot in die hemel, sou daar niks van kom nie.

Maar helaas, dis nie 'n saak vir lag nie. Wat hier gebeur, is dodelik ernstig. Die mensdom, wat na God se beeld geskape is, span saam in hul opstand teen hul Skepper. En nou's die vraag: wat gaan God doen? Gaan Hy die mensdom laat vaar, gaan Hy opgee met sy skepping? Gaan God die mense aan hulleself oorlaat sodat hulle mekaar en die skepping kan vernietig?

Reeds voor die sondvloed het God al gesê Hy is spyt dat hy die mens gemaak het. Maar toe gee Hy vir Noag en sy geslag 'n tweede kans. Dis juis Noag se nageslag wat nou die toringbouprojek onderneem. Wat gaan God nou sê of doen?

Dis asof die engeleskaar wat toekyk hulle asem ophou, want hier, op hierdie oomblik, is soveel op die spel. God se ganse skepping is hier op die spel.

### **Wat doen God dan?**

Wat is sy volgende beweging?

God se volgende beweging is dan om Hom aan Abraham en Sara te verbind – 'n bejaarde, kinderlose en onvrugbare egpaar. Iewers uit 'n heidense land kies en roep God twee ou mense om 'n nuwe begin mee te maak.

Ek kan my indink dat die engele toe nie net asem opgehou het nie, maar na hul asem gesnak het: kan dit wees! Sal die nuwe mensheid dan gebore kan word uit die onvrugbare skoot van 'n bejaarde vrou? Begin God met die heelmaak en nuutmaak van sy ganse skepping, die verlossingspad met al die nasies, dan met twee brose ou mense?

Ja, juis dit is God se plan!

### **God neem die inisiatief**

Daarom kom God en sluit Hy 'n verbond met Abraham. Hy verbind hom aan Abraham. God neem ook hier die inisiatief – Hy gee die eerste treë, Hy wend hom tot die mens en kom verbind hom aan die mens. As teken dat dit 'n ewige verbond is, wat God nie van sy kant af sal verbreek nie, gee God die tekens van bloed.

In Genesis 15 lees ons hoe God deur die oopgesnyde diereoffers deur loop, terwyl Abraham slaap: Dit is God wat die eerste treë in die verbond gee, van sy kant af verbind Hy hom aan die mens. En dan gee God ook die besnydenis as teken. God is dooernstig dat dit 'n blywende verbond is.

### **Om oor na te dink**

Dink daaraan dat God die inisiatief neem, die eerste skuif op die bord maak. Hy sluit 'n ewige verbond met Abraham – terwyl Abraham slaap. Met Pinkster word ons weer aan God se skuiwe herinner. Dink aan God se verhaal met jou en jul geloofsgemeenskap.

Dink weer na oor wat ons vooraf gehoor het oor die betekenis van die mens se vernuwing na die beeld van God. God die Skepper is die Een wat voortdurend na sy skepping en skepsels beweeg en mense opsoek, roep en uitnoui tot deelname aan sy uitreik na die wêreld.

Wat gebeur met mense as die lewendmakende Gees ons met Pinkster in God se ritme laat kom deur ons na die beeld van die Skepper te vernuwe? Waarmee is die Gees in jou lewe besig? Hoe openbaar God Homself in hierdie dae aan jou? Hoe reageer jy op God wat uit genade na jou toe beweeg, terwyl jy as't ware slaap soos Abraham van ouds?

## **Dag 4: God verbind Hom aan ons ... juis ook ter wille van ander**

Genesis 11:4–9, 11:30–32 en 12:1–9

### **Aansluiting by Dag 3 se oordenking**

Saam met Dag 3 vestig hierdie oordenking die aandag op h tweede groot beweging van God, wat kom en Homself aan ons verbind, in h noue, ewige verbintenis. God kom sluit 'n verbond met Abraham en met ons, sy kinders. God neem die inisiatief en maak ons deel van sy beweging na en in die wêreld.

Die refleksie op hierdie tweede beweging van God behels ook twee onderskeibare perspektiewe, wat nie geskei moet word nie. God verbind Homself in sy verbond aan die mens. Dit is die eerste punt. Sy verbond met Abraham het egter 'n breër gerigtheid as die blote insluiting van 'n individu. Die tweede punt is die bewussyn dat die verbondsgenade as seën uit God se hand met ander gedeel moet word.

Hierdie oordenking kan as een oordenking saam met Dag 3 hanteer word, indien daar minder geleentheid is vir Pinkster byeenkomste in jou gemeente.

### **Herinnering aan God se inisiatief**

Dag 3 se oordenking het aangedui dat God kom om h verbond met Abraham te sluit, Hom aan Abraham te verbind. God neem die inisiatief – Hy gee die eerste treë, Hy wend hom tot die mens en kom verbind hom aan die mens. As teken dat dit h ewige verbond is, wat God nie van sy kant af sal verbreek nie, gee God die tekens van bloed.

In Genesis 16 lees ons hoe God deur die oopgesnyde diereoffers loop terwyl Abraham slaap: Dit is God wat die eerste treë in die verbond gee, van sy kant af verbind Hy hom aan die mens. En dan gee God ook die besnydenis as teken. God is dooderstig dat dit h blywende verbond is.

### **God verbind hom aan Abraham met beloftes**

Wanneer die inisiatiefnemende God hom in genade aan Abraham verbind, gee God vir Abraham meer beloftes:

*'n Land*

God belowe dat Hy vir Abraham h land en h nageslag sal gee. Leefruimte, h toekoms.

*'n Naam*

God belowe dat Hy vir hom h naam sal gee, hom h man van groot betekenis sal maak. Die mense wou met die Babeltoring vir hulleself h naam maak, maar hier belowe God dis Hy wat vir Abraham h naam sal gee, betekenis, h lewensdoel, lewensin: "I will make your name great."

*God sal Abraham seën*

God belowe dat hy vir Abraham sal seën – "I will bless you." Wat beteken dit as God belowe om ons mense te seën?

In die woord "seen" word eintlik al God se beloftes saamgevat: Die geskenk van lewe en dit in oorfloed, die belofte van sorg, die belofte dat God met ons die pad sal loop en ons

sal verlos, sal vergewe, en sal leer lewe, die belofte dat God sy verhouding met ons en met mekaar sal heelmaak, die belofte dat Hy sy stukkende beeld in ons sal herstel, sy skepping nuut sal maak sodat ons dit vir ewig kan geniet en God kan verheerlik.

God belowe sy seën vir Abraham. Dit sluit alles in, alles wat ons as mense nodig het om gelukkig te lewe en getroos te kan sterwe.

### *Belofte met 'n opdrag*

Daar is 'n vierde belofte – maar eintlik ook 'n opdrag. God sal nie net vir Abraham seën nie. Deur hom wil God ook al die nasies seën. God seën Abraham, sodat hy vir ander tot seën kan wees.

Dis die eintlike bedoeling waarom God Abraham uitgekies en Hom toe aan Abraham verbind en belowe het om hom te seën. Abraham moet vir die nasies tot seën kan wees. Die herstel van God se stukkende verhouding met die nasies wat teen hom rebelleer en die regmaak wat by Babel verkeerd geloop het. Dis die eintlike oogmerk met Abraham se verkiesing en die verbond met hom.

Die nasies, die hele wêreld, die ganse skepping – dit was God se einddoel.

### **God se oorweldigende genade**

Gaan dit nie die menslike verstand te bowe nie, dat God hom so aan sondaarmense kom verbind?

Die Nuwe Testament sê dat God uiteindelik vir Jesus, gebore uit die geslag van Abraham, gestuur het om ons almal, almal wat in Hom glo, deel te maak van hierdie verbond met Abraham. Al die beloftes aan Abraham geld daarom ook vir ons.

Daarvan is ons doop die tasbare bewys: Ons is ingesluit in die verbond met Abraham! Elke keer as God aan ons die tekens van brood en wyn uitdeel, dan vier ons dit dat ons deel van hierdie genadeverbond met Abraham is. God het hom in Christus ook aan ons kom verbind, om ons te seën.

Staan jy nie ook telkens in verwondering wanneer jy hieraan dink nie, as die Woord of die doop of die nagmaal jou hieraan herinner? Mens hou asem op. Om te dink God, die Skepper van die ganse kosmos, het Hom in liefde aan my kom verbind. God het ook aan my kom belowe, jy sal geseënd wees. Ek belowe dit vir jou – geseënd is jy.

### **Om ander tot seën te wees**

Jy snak ook na asem as jy onthou: Dié geseënd-wees se eintlike bedoeling is dat jy ander tot seën sal wees. Die seën van die Here kan jy nie net vir jouself toe-eien nie, dit moet met ander gedeel word, aan ander uitgedeel word – want dis die eintlike bedoeling daarmee.

Deur my en elkeen van ons wat deel van die verbond is, wil God uiteindelik die wêreld bereik, die skepping heelmaak. Wat maak ek en jy met God se seën? Dis die vraag wat ons uitdaag en na asem laat snak.

### **Abraham se antwoord**

Wat het Abraham toe gedoen nadat die Here hom aan Abraham verbind het?

Ons lees Abraham het sy tent gevat en agter die Here aan getrek, agter die Here se beloftes aan. Op hierdie pad moes hy swaar lesse leer om die Here regtig te vertrou. Hierdie pad agter God aan het hom deur die woestyn gevat, deur krisisse heen. Hy het foute gemaak, soms sy eie planne gemaak, maar die verhaal vertel hoe God nie sy verbintenis aan Abraham losgemaak het nie. God het met Abraham die pad enduit geloop. En Abraham het bly glo in die Here se beloftes, selfs al moes hy sover kom om sy enigste seun te offer, en selfs al was die stukkie grond vir Sara se graf die enigste land wat die Here hom geskenk het. Maar hy het die belofte bly glo. Hy het God vertrou en gehoorsaam gelewe.

Soos wat Abraham tussen die mense en die nasies heen getrek het, het hy telkens klipstapels gepak, lees ons, altare, as teken van God se verbond. Abraham word altaarbouer – so tussen die nasies en die mense deur. Oral waar hy gekom het, het hy klein torinkies van Babel gebou, nie om vir homself naam te maak nie, maar om God se Naam groot te maak! Dit was sy reaksie op God se verbond, sy weer-beweging in reaksie op God se beweging na hom toe.

### **'n Vraag om oor na te dink**

Ons sluit af met net die een vraag: Watter altare is jy aan die bou om te onthou – en vir ander te wys – dat God jou geseën het, met die bedoeling om vir ander tot seën te wees?



## Dag 5: God stel Homself bekend ... en Moses trek sy skoene uit

Eksodus 3:1–18, Eksodus 6:1–6



### Inleiding

Ons dink saam na oor God se groot bewegings na ons as mense toe. Die eerste beweging was toe God na Adam en Eva kom soek het. Hy het hulle geroep en met hulle 'n nuwe begin gemaak. In die tweede beweging het God kom kyk hoe bou die mensdom die Toring van Babel. God het met Abram 'n verbond gesluit: Abraham sal geseënd wees, om ander te sien. In hierdie oordenking staan ons nou stil by God se derde groot beweging, toe Hy gekom het en homself aan Moses kom bekendstel het.

### Moses se verhaal

God se verbondsvolk, die kinders van Abraham, het in Egipte beland. Daar het hulle baie swaar gekry, as 'n slawevolk onder die wrede juk van die farao. Moses was egter bevoorreg. Hy is as baba uit die Nyl gered. Hy het grootgeword en is geskool in die farao se paleis, maar toe maak hy 'n fout. Hy het 'n Egiptenaar doodgeslaan en moes toe vlug, die woestyn in, waar hy 'n skaapwagter word. Alleen en verlate was hy daar, soos iemand wat sy lewe weggegooi het.

Op 'n dag sien hy daar in die woestyn 'n doringbos, wat brand en brand, maar nie uitbrand nie. Toe hy naderkom, hoor hy 'n stem met hom praat. Skielik beseef Moses hier is iets buitengewoons aan die gebeur! God self het gekom om met hom hier in die woestyn te kom praat. God self het hierdie ontmoeting met Moses gereël, want God wou homself aan Moses bekendstel, homself aan Moses openbaar.

Dis die wonderlike van God. Hy stel homself bekend aan mense. God wil hê mense moet weet van Hom, Hom leer ken, Hom veral ook leer ken uit sy dae. Ons het dit in Eksodus 6

ook raakgelees: God se diepste motief met sy ontmoeting met Moses is om sy Naam, sy wesenskenmerke aan Moses bekend te maak, soos Hy dit nog nie aan Abraham of enige van die voorvaders bekend gemaak het nie. Hy wil hê die Israeliete moet weet en besef wie Hy is. God wil hê ook die Egiptenare moet besef Hy alleen is God.

Daarom sou die hele redding van sy volk uit Egipte 'n daad van selfopenbaring wees – 'n manier waarop God hom aan mense bekendstel, wys hoe Hy is. Hy is God wat graag herken en erken wil word – as God. God wil hê ons moet weet wie Hy is, hoe Hy is, anders sal ons hom nie kan liefhê en aanbid nie, nie met Hom in 'n liefdesverhouding kan tree nie.

As God dan met Moses uit die doringbos begin praat, antwoord Moses God, tree hy met God in gesprek en vra vir God: Here, maar wie is U? Wat is u naam? Wat Moses eintlik vra is: Here, sê vir my u naam, want dan sal ek ook weet hoe U is!

Hoe stel die Here homself in hierdie ontmoeting dan aan Moses bekend? God gee vir Moses drie van sy name. Ons kyk weer hoe God homself in elkeen van die drie name bekendstel.

### **Eerstens: “Ek is wat Ek is”; “Ek is” – dis my naam, sê God vir Moses**

Wat 'n vreemde naam! Dis asof God daarmee eerder wegsteek wie Hy is – “Ek is wat Ek is” sê juis nie veel van God nie, dit hul God juis in misterie. Waarom dan so 'n vreemde naam?

Miskien wil God daarmee juis onderstreep dat Hy ver bokant ons begrip uitgaan. Ons kan Hom nie voluit ken nie. Ons kan hom met ons menslike verstandjie nie kleinkry nie, 'n handsvatsel op Hom kry sodat ons Hom kan optel en skuif soos dit ons pas nie. Hy is God, die ewige, onsienlike, die verhewe God – soewerein, heilig – daarvan is die brandende doringbos 'n simbool. Daarom moes Moses sy skoene uittrek, sy hande voor sy gesig hou as Hy in God se teenwoordigheid kom.

Soveel ontsag het die Israeliete vir hierdie naam van God gehad, dat hulle dit eintlik nie oor hulle lippe kon neem nie. Daarom is 'n sterk tema in die Ou Testament die vrees vir die Here – Hy is almagtig, ontsagwekkend. Jy trek jou skoene uit en hou jou hande voor jou gesig in sy teenwoordigheid. Hy is wat Hy is, almagtig en verhewe. Dit sou Moses en die Israeliete sien in die wonderbaarlike manier waarop God sy volk uit Egipte gaan red. Dis die kant van God wat Egipte gaan sien, die een wat in sy heilige toorn mense straf. “Hy is ... God”, so stel Hy homself aan ons bekend.

Wonder jy nie ook soms of ons deesdae nog hierdie heilige ontsag vir God het nie? Ook in die manier waarop ons God aanbid, of oor Hom praat asof ons presies weet hoe Hy is, wat Hy behoort te doen of nie te doen nie. Ons vergeet met wie ons te doen het, met Jahwe, die God wat net sê: “Ek is ...”

### **Tweedens: “God van jou voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob”**

Waar die “Ek is”-naam iets van God se verhewe heiligheid uitdruk, sê hierdie tweede naam iets van God se genade, sy toeganklikheid, sy neerbuig na mense. Dis die naam waarmee God vir Moses – die moordenaar in die eensame woestyn – uitnooi om gerus maar nader te staan. Ek is die Verbondsgod, die God wat My kom verbind het aan jou voorvaders, wat my kom verbind het aan gewone sondaarmense, sê God. So was Abraham – 'n gewone sondaarmens. Dink aan sy kleinseun Jakob, die bedriëër. Aan sulke mense verbind die genadige God hom.

Hoor hoe mooi vertel God van hierdie genadekant van Hom vir Moses: “Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien, en hul noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hul lyding ter harte geneem. Daarom het ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry ...” Ek is die God van jou voorvaders, die verbonds-God wat my aan Abraham verbind het, aan Isak en aan Jakob – dis my Naam vir ewig.

Daar is hierdie twee kante aan God. Aan die een kant is Hy die verhewe, almagtige God, die “Ek-is-wat-Ek-is” God. Aan die ander kant is Hy ook die genadige God wat Hom aan sondaarmense kom verbind, deernisvol na mense afbuig, hulle optel en soos op arendsvlerke die toekoms in dra. Aan albei hierdie kante van God moet ons vashou, want so stel God Homself aan ons bekend.

### **Derdens: n Naam effens verskuil tussen die sinne**

Hierdie derde, effens verskuilde naam vir God, loop net so sterk deur die hele Ou en Nuwe Testament.

As Moses bang is om te gaan doen waartoe God hom geroep het, dan belowe God. Moses, moenie bang wees nie, want Ek is by jou. God by ons. Emmanuel God – dis sy derde naam, naas die “Ek is” en die “God van ons voorvaders”. As teken dat God by Moses is, naby hom sal wees, as’t ware voor hom sal uittrek, die teenwoordige God in Moses se lewe, gee Hy vir Moses tekens. Hy gee sy woord en belowe Hy sal aanhou om met Moses te praat. Hy gee vir Moses n kiere waarmee hy tekens van God se teenwoordigheid kan doen. God gee vir Moses n broer, Aäron, om hom te help praat. God belowe verder: Moses, jy hoef eintlik net agter My aan te kom en te kom kyk wat Ek gaan doen. Dis Ekselw wat My volk gaan red. Dis Ekselw wat met die farao se gal sal werk. Ek sal by jou wees, deur jou werk – Ek is die teenwoordige God, Emmanuel.

Ons weet die naam God by ons, Emmanuel, het wonderlik waar geword toe God deur Jesus Christus mens geword het, tussen ons kom woon het – God by ons. As teken van sy teenwoordigheid het Hy vir ons ook sy Woord gegee, sy Gees en sy doop en sy nagmaal. Hy het ons as gelowiges vir mekaar gegee – alles tekens van God se teenwoordigheid.

Moses, ek is die “God by jou”. Dit sal jy duidelik sien op die pad wat jy agter My aan moet loop, verduidelik God hier.

Met drie name kom stel God homself hier bekend: (1) Ek is wat Ek is. (2) Ek is die God van jou vaders, van Abraham en Isak en Jakob. (3) Ek is Emmanuel, God wat by jou teenwoordig is.

### **Wat moet ons gaan doen?**

Ons sluit af met die vraag: Toe God hom aan Moses bekendgestel het, aan wie moes Moses dit toe gaan vertel? Hy moes dit vir die Israëliete gaan vertel. Hulle aan God gaan bekendstel. Maar Moses moes dit ook aan die ongelowige farao en sy Egiptenare gaan vertel. Dit was God se bedoeling met sy bekendstelling aan Moses.

En ons ...? Vir wie moet ons dit vertel, aan wie presies wil God hê dat ons Hom verder moet gaan bekendstel?

## Dag 6: God kom woon tussen ons ... as h mens!

Johannes 1:1–8, Filippense 2:5–11



### Inleiding

Ons staan in hierdie Pinkstertyd stil by God se groot liefdes-treë wat Hy na ons mense toe gee – die bewegings van God. Hy het Adam en Eva kom soek en geroep. God het gekom om met Abraham h verbond te sluit. God het nadergekom om Hom aan Moses bekend te stel. In die Ou Testament is daar meer verhale van hoe God uitreik, neerbuig en naderkom, om met sy volk Israel h pad te loop, om met hulle in h liefdesverhouding te tree en te lewe. Ons spring hier oor al die verhale om uit te kom by die heel grootste, die mees wonderbaarlike beweging van God. God het self aarde toe gekom en as h mens tussen ons kom woon. Oor hierdie wonder sing Johannes 1 en Filippense 2 ou-ou kerkliedere.

### Johannes se lied

Johannes begin sy Evangelie met vreemde begrippe, amper filosofiese terme waarmee hy dié wonder probeer beskryf. Omdat dit so h geweldige gebeurte is, kan h mens eintlik net in simboliese taal daaroor praat, of digterlik daaroor sing.

In die begin, so sê Johannes, nog lank voor die skepping, was die Woord daar, was God se Woord al daar. Met die term “Woord”, of *Logos* in Grieks, wil hy iets sê van God se wese, God se bekendmaking van Homself, die uitdrukking van God se liefdeswil en liefdesmotief, dit wat God in beweging bring, God se liefdesdrang.

Kom ons probeer dit wat Johannes hier met die term “Woord” bedoel, maklik oorsê: In die begin was God se hart vol liefde. Dis met hierdie hart vol liefde wat God alles gemaak het. Sy liefde het God daartoe beweeg om alles te skep. Deur sy hart vol liefde het God lewe gegee, en die lig. Met dié liefdeshart het Hy besluit om mense na sy beeld te maak. Met sy hart vol liefde het God die mense versorg, hulle aan hom kom verbind, God self aan hulle

bekend gemaak, met hulle in verhouding getree. Dis sy hart vol liefde wat God in beweging bring. Hierdie hart vol liefde is natuurlik niks of niemand anders as God self nie.

Toe die tyd reg was, het die ondenkbare, amper skokkende ding gebeur. Hierdie Woord van God, hierdie liefdeshart van God – wat God self is – het 'n mens geword en tussen ons kom woon, skryf Johannes. God self het afgedaal aarde toe, in 'n menslike liggaam en tussen ons kom tent opslaan. Dit het gebeur toe Jesus van Nasaret as 'n mensekindjie gebore is. In sy *The Message*, vertaal Eugene Peterson die vers so mooi: "The Word became flesh and blood, and moved into the neighbourhood." God wat vlees en bloed geword het, een soos ons, een tussen ons, het in ons buurt kom intrek.

### **Vrees om Jesus van Nasaret te aanbid**

In Johannes se tyd was selfs die volgelinge van Jesus bang om hierdie Jesus van Nasaret te aanbid. Sou dit nie godslastering wees om 'n mens te aanbid nie? 'n Gewone mens soos Jesus? Dis hoekom Johannes vir hulle hier verseker: Hierdie mens Jesus is niemand anders nie as God wat self mens kom word en tussen julle kom woon het. Dis vir God self wat julle aanbid as julle Jesus aanbid.

Met dié uitspraak het Johannes natuurlik alles op sy kop gedraai. Mense – en al die ander gelowe – het heelyd nog gedink mense word uiteindelik god, maar hier kom sê Johannes net mooi die teenoorgestelde. Nee, dis God wat afgekom en mens kom word het. God se liefdeshart het vlees en bloed geword, een soos ons.

### **Hoekom dan?**

'n Storie kan dit verduidelik. Daar word vertel van 'n priester wat op 'n stormagtige, yskoue nag in Noord-Europa – die nag voor Kersfees – agter in 'n klein dorpskerkie in sy woonstel gesit en preek maak het vir die volgende dag se Kersdiens. Skielik hoor hy plofgeluide teen sy venster. Toe hy uitgaan, sien hy dit was 'n swerm sprees wat uit die ysige sneeustorm by sy venster in na die lig en warmte wou vlug. Hulle sou die storm buite nie oorleef nie. Die venster kon ongelukkig nie oopgemaak word nie. Toe gaan maak die priester die groot kerkdeure oop en probeer die swerm daar injaag. Hoe hy ook al arms geswaai en desperaat beduie het, die sprees het nie verstaan nie. Hulle het teen die toe venster bly vas vlieg en hulleself al hoe meer beseer. Die priester het begin besef, die enigste manier hoe hy die wilde sprees sou kon red, sal wees as hyself 'n spreeu kon word – een soos hulle – en voor hulle uit vlieg om hulle by die kerkdeure na veiligheid in te lei. Net daar kry hy skielik die boodskap vir sy preek: Dis presies wat God gedoen het. Hy het soos een van ons kom word, om ons te red. 'n Spreeu vir sprees.

### **Paulus se perspektief op dieselfde wonder**

Wanneer Paulus in Filippense oor dieselfde wonder skryf, gaan hy nog verder. Christus, wat self God van alle tyd af was, een wese met sy Vader, dieselfde status, het nie net mens kom word nie. Hy het selfs laer neergedaal, homself verneder en die gestalte van 'n slaaf aangeneem, Hy het een van die minste onder mense kom word, in ons ellende het Hy afgedaal. Vrywillig het Hy hom ontledig van sy heerlikheid en sy almag. Al het Hy God gebly, en sondeloos, het Hy ons sonde, lyding en swaarkry op homself geneem. Hy het as mens magteloos aan 'n kruis kom hang, magteloos in sy liefde vir ons, ter wille van ons. Hy was daar selfs van God verlate. God self het in Christus aan die kruis vir ons sonde kom betaal, in ons plek kom ly.

Dis wat ons elke Sondag bely: God wat in sy Seun mens kom word het, gebore in 'n stal, uit die skoot van 'n mense-vrou, wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het, ter helle neergedaal het ... So laag het God self kom buig, om ons en sy ganse skepping uit ons ellende en stukkendheid te kom bevry en aan ons die lewe te gee – die lewe in oorfloed.

Eintlik het ek nie woorde om hierdie geweldige waarheid te beskryf nie. Johannes sukkel ook om dit gesê te kry. Dis genade op genade, stamel hy.

Maar dis presies hoe God se heerlikheid lyk! Ons sien sy heerlikheid die helderste in hierdie diepste beweging wat God gemaak het, die laagste wat Hy kom neerbuig het – om mens tussen ons mense te kom word. Daar, aan die kruis, sien ons hoe God lyk – sy heerlikheid. Daar aan die kruis – en ek sê dit met huiwering – skeur God sy borskas oop sodat ons sy hart kan sien, 'n hart vol liefde. Dis hoe sy heerlikheid lyk!

### **Wat beteken dit alles vir ons?**

Kortliks is daar vier betekenisse.

#### *Ons is spesiaal vir God*

Dit wys vir ons hoe spesiaal ons as mense vir God is. Ons is belangrik vir God. Om te dink dat God dit alles vir ons – vir ons mense – kom doen het! Dat Hy na ons aarde toe gekom het, na my en jou toe. Dit was vir God belangrik om dit te doen, want Hy wou sy beeld in ons, wat stukkend gebreek het, weer kom heelmaak. Sodat ons weer met God in 'n liefdesverhouding kan tree.

#### *Ons lewe op aarde in ons eie liggame is vir God belangrik*

Dit wys verder vir ons dat ons lewe hier op aarde, in ons eie liggame, vir God belangrik is. Dit gaan nie net oor wat eendag in die hemel op ons wag nie. Hierdie aarde, hierdie liggame van ons, is vir God belangrik. Daarom kom Hy juis af aarde toe, neem Hy 'n menseliggam aan, word Hy as 'n swakke mensekindjie gebore, kry Hy honger en koud, huil Hy en word Hy ontsteld. Deur so laag neer te buig, wil Hy juis ook hier op aarde vir ons die lewe nuut, heel en vol vreugde kom maak, wil Hy vir ons die lewe in oorfloed skenk. Deur sy neerbuigende handeling skink Hy hier op aarde ons bekere tot oorloepens toe vol. Uit sy genade wil Hy ons genade op genade skenk.

#### *So laat Christus ons God se heerlikheid sien*

Dit is juis in hierdie neerbuigende handeling van God, in sy vernedering, in hierdie gehoorsame weggee van sy mag en status, in hierdie intree en afdaal in ons ellende in, wat Christus ons God se heerlikheid die beste laat sien. Dit – meer as enigiets – illustreer juis hoe God is, hoe sy liefdeshart brandend vir ons klop. Deur dit te doen het Christus God verheerlik, staan hier. Juis dit het gemaak dat Christus toe weer verhef kon word tot die troon van die Vader, verhef kon word tot die hoogste eer, die Naam bo alle name kon kry – sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is die knie sou buig, en elke tong sou erken: Jesus Christus is Here! Tot eer van God die Vader.

#### *Hoe ons daarop reageer*

Dit sê heelwat oor hoe ons nou daarop moet reageer. Hoe ons as gemeente ook daarop moet reageer. Paulus skryf: As dit is hoe God homself vir ons verneder het, moet dieselfde gesindheid ook in ons wees. Ons moet onself ook so kan neerlê, verneder, prysgee, mekaar uit dankbaarheid dien. Met God wat tussen ons kom woon het, in ons buurt ingetrek het, moet ons lewe al hoe meer lyk soos syne, moet ons doen soos Hy gedoen het, moet ons mekaar se voete was en mekaar se laste help dra.

### **Uit dankbaarheid en verwondering**

En dit net uit diepe dankbaarheid, uit sprakelose verwondering oor God se groot liefdeshart vir ons, wat ons die helderste sien as die Seun van God – wat God self is – wat aan die kruis hang.

## Dag 7: Simeon en Anna by die tempel

Lukas 2:25–39

### Inleiding

Hierdie verhaal bevat die Loflied van Simeon, een van vier bekende liedere in die Lukas-evangelie in verband met Jesus se geboorte. Hierdie vier liedere speel oor die eeue heen 'n beduidende rol in die kerk se aanbidding en liedereskat. Die eerste is die engelekoor se *Gloria in Excelsis*. Die tweede is die lied van Sagaria, *Benedictus* genoem. Dan die aangrypende lied van die jongvrou Maria, die *Magnificat*. Die vierde is Simeon se lied, die *Nunc Dimittis*, verwysend na die eerste woorde van sy gebed in Latyn: "Nou, laat gaan my, u dienskneg, in vrede Here?" Hierdie lied is in grootse komposisies opgeneem. Dit word ook as aangedbed gesing: "Laat ek nou demissie kry, tot rus kom, my taak afsluit."

Kom ons luister weer na die verhaal waarbinne die lied van Simeon gesing word. Dit is soos 'n drama met drie bedrywe.

### Eerste bedryf – Simeon se lied

Simeon was vermoedelik al bejaard. Sy lewe lank het hy nougeset volgens die Ou-Testamentiese Wet gelewe, 'n vrome, opregte Jood. Die Wet en die Profete was vir hom belangrik. Sy lied bevat letterlik opeengestapelde strofes uit die laaste boeke van die profeet Jesaja. Die tempel, waar Israel God aanbid het, was die sentrum van Simeon se lewe. Nou word juis hy, dié vrome ou man, gekies om in die verlossingsdrama wat op dié moment in die wêreldgeskiedenis begin afspeel, die hele Ou Testament – die Wet, die Profete en tempeldiens – te verteenwoordig. Simeon tree vanuit die Ou Testament nader om te help geboorte gee aan dié nuwe era, die tyd van die Nuwe Testament. Simeon gee die ou verhaal vanuit die Ou Testament aan en kondig dit as 'n nuwe verhaal aan.

Aan Simeon het die Heilige Gees voorheen belowe hy sal nie sterf voordat sy oë die verlosser, die gesalfde, die Messias – Hy wat die vrede sou kom herstel – gesien het nie. Op hierdie besondere dag lei die Heilige Gees ou Simeon tempel toe. Deur die Gees gelei het hy "opgegaan" tempel toe, staan daar. Daar is iets van 'n ophef, 'n ekstase. Dit word 'n heilige moment, die moment waaroor hy sy lewe lank gedroom het. Vir hierdie moment het hy gelewe, vir hierdie oomblik is hy bestem!

Wat hier gebeur is die ontplooiing van die hele drama. Dit is deur en deur in God drie-enig se hande. Hier span die drie persone in die Godheid saam: Dis die Vader wat die verlossing beplan en belowe het, die Heilige Gees wat Simeon lei en sy oë oopmaak om in die geloof die Messias te herken, en die Seun self wat dié dag besny, afgesonder en gereinig word volgens die Skrif. God drie-enig is hier in beweging, God wend hom hier tot die mens.

As Simeon die kind in sy arms neem, kom die skoonste lied oor sy lippe. Dalk het hy die lied net geprewel, soos 'n oorstelpte ou man. Dalk het hy dit hardop uitgesing, in die woorde van die profeet Jesaja, tekste wat hy uit sy kop geken het.

In die tyd van die profete, veral die laaste eeue net voor die koms van Christus, is met groeiende verlange uitgesien na die koms van die Messias. Wanneer die Messias kom, so het die profete geskryf, sal 'n nuwe tyd aanbreek, 'n tyd waarin Israel herstel word, alles op aarde heelgemaak word, 'n tyd van versoening en van vrede. Dan sal die vreederyk



aanbreek, God se *sjaloom*. Wanneer die Messias kom, sal die verinneweerde Israel weer getroos wees, herstel word, sy wonde sal verbind word.

Hoor hoe beskrywend sing Jesaja in hoofstuk 65 van die vredeyk wat sou aanbreek: "Die wat Ek uitverkies het, sal self die vrug van hul handwerk geniet. Hulle sal hulle nie tevergeefs vermoei nie, hulle sal nie kinders hê vir wie daar rampe wag nie, want hulle sal 'n volk wees wat deur die Here geseën word, hulle en hul afstammeling. Voor hulle nog roep, sal Ek antwoord, terwyl hulle nog praat sal ek hul gebed verhoor. Die wolf en die lam sal saam wei, die leeu sal strooi vreet soos 'n bees, en stof sal die kos van die slang wees. Op my heilige berg sal niks verkeerds gedoen word nie, niks vernietig word nie, sê die Here."

Daaroor het die profete van die Ou Testament gedroom, daarna het Simeon sy lewe lank verlang, na die koms van hierdie vredeyk. Nou het die uur daarvoor aangebreek! Die herstel van Israel. In sy arms lê die Messiaskind. Hy is die Verlosser waarna Israel so lank uitgesien het. Dis Hy wat die vredeyk, die *sjaloom* laat aanbreek. Met sy eie oë sien Simeon dit, met sy eie twee hande hou hy dit vas!

Maar as jy fyn luister na Simeon se lied, hoor jy daarin tog ook 'n nuwe klank, 'n klem wat geskuif het. Dis dieselfde herstel waarna die Ou Testament verlang het, dieselfde troos, dieselfde vrede. Maar veel helderder hoor jy dit nou in hierdie lied van dié laaste Ou-Testamentiese profeet: Hierdie herstel, hierdie vrede, hierdie versoening wat nou aangebreek het, is nie net vir Israel bedoel nie. Ja, vir Israel ook, maar dis vir al die volke bedoel.

Die Messiaskind bring 'n lig vir al die nasies, sing ou Simeon dit uit. Die verlossing is universeel, dit sluit in, nie uit nie. Dis die nuwe klank in Simeon se lied! Dis die nuwe in die Nuwe Testament verhaal wat nou aanbreek! Al die nasies... ook vir ons hier in Suid Afrika is dit bedoel. Vir ons almal, hierdie versoening, hierdie vrede... nou inklusief, nie meer eksklusief nie. Omdat Simeon dit, hierdie geweldige waarheid, kon aankondig, is sy lewenstaak afgehandel. Daarom bid hy: "Nou Here, kan u my, u dienskneg, maar in vrede laat gaan".

Dan skryf Lukas: "Oor dié woorde van Simeon, was Jesus se ouers verwonderd."

### **Daar's 'n voorwaarde by – die tweede bedryf in die verhaal**

Ja, hierdie versoening en vrede is vir almal bedoel, maar dis nie goedkoop of verniet nie. Trouens, dit kos 'n baie, baie duur prys. Vir hierdie kindjie, so het Simeon dit ook hier voorspel, gaan dit nog die kruisdood kos. Vir Maria, sy moeder, sal dit soos 'n swaard deur haar siel wees.

Want mense gaan dié soort verlossing en vrede wat Christus bring, betwis, dit weerspreek, dit probeer uitwis, die boodskap probeer uitdoof. Die duisternis sal die lig – die lig wat vir al die nasies bedoel is – probeer verdryf. Mense gaan Hom nie as die Messias aanvaar nie. Baie van die Jode, maar ook nie-Jode, gaan weerstand bied teen die soort vrede vir almal wat Jesus bring. Hulle gaan daarteen in opstand kom. Dwarsdeur die eeue heen gaan daar 'n stryd tussen lig en donker wees. Ja, ook in ons elkeen se hart sal dit woed.

Daarom, so profeteer Simeon, sal hierdie Christuskind 'n teken wees wat weerspreek word, 'n klip wat baie laat struikel en val. Hy vra van elkeen 'n keuse, Hy ontbloot die gesindheid in elke hart ... Ja, die vrede is vir almal bedoel, almal word uitgenooi om dit te kom neem:

“Vrede vir julle, my vrede gee Ek vir julle, my vrede is egter nie soos die wêreld s’n nie ...” Om hierdie vrede van Jesus die Messias te kan ervaar, om dit soos Simeon in jou hande te kan neem, vra eers selfverloëning, ’n sterwe aan die self en die eie ek. Dit vra eers verootmoediging en bekering, oorgawe, self-prysgawe. Dit vra eers ’n erkenning dat nie deur mag of geweld nie, nie deur geld of goed nie, nie deur eie vermoë of insig of godsdienstigheid nie, nie deur die eie-belang bo die van die ander te stel nie, nie deur toe te gee aan die oerdrang van die oorlewing van die sterkes nie. Dit vra om te buig voor die kruis en myself aan die Verlosser oor te gee. Dit vra om ’n keuse vir Hom te maak.

Alleen so sal die Vredevors sy vrede in my arms kom plaas, en my die verlossing wat Hy bring laat belewe, tasbaar, met verwondering. Eers dan kom die innerlike vrede, die lewens-vervulling, om soos Simeon te kan bid: laat ek nou in vrede tot rus kom, Here, want my oë het u verlossing gesien, ek het u vrede gesmaak ...

### **En dan die derde bedryf in hierdie intense drama**

Op die toneel verskyn dan skielik Anna, ’n profetes – al vier en tagtig jaar oud. Amper haar lewe lank ’n weduwee, een van die minstes, die kwesbaarste mense in daardie tyd. Ook sy was vroom en toegewyd, lief vir die tempel, getrou in haar aanbidding, iemand wat gereeld gevas en gebid het, ’n egte Ou-Testamentiese figuur. Ook sy kom in hierdie heilige oomblik nader en dank God oor die Messiasbeloftes wat Hy waargemaak het.

Om God te dank is nie al wat sy doen nie. Daar en dan begin sy ook getuig, begin praat sy oor die Kindjie met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het. Anna, hierdie onwaarskynlike getuie, was die eerste sendeling onder die Jode! Sy was die eerste om teen die weerstand van die Jode in, die blye boodskap oor die Messias te verkondig, die Messias wat vir almal gekom het. Die vrede wat die Christuskind gebring het, moet met ander gedeel word! Dit is immers die wesenlike van hierdie vrede, naamlik dat dit vir almal bedoel is, dat dit uitgedeel moet word. Om daarvan te getuig, dit te vertel en dankbaar uit te leef, is eintlik die enigste manier om die wêreld se verset teen die vrede, die teenspraak, die donkerte wat die lig wil uitwis, teen te staan, terug te dryf.

Ook sy sluit by Simeon aan om vanuit die Ou Testament die boodskap aan die Nuwe Testament deur te gee: Die Messias het gekom, sy vrederyk het aangebreek, dis vir almal bedoel, almal wat Hom as die Messias, die bringer van vrede erken. Anna kon dit doen, sy kon met geloofwaardigheid getuig, want ook sy het in hierdie kindjie die Messias herken. In die Wet en Profete is dit so voorspel. Omdat sy dit geken en daaraan vasgehou het, het dit haar oë oopgemaak vir die nuwe tyd van vrede wat in die koms van dié Kindjie aangebreek het. Daarom móés sy vertel en met blydschap getuig.

### **Rembrandt se getuienis**


In my Bybel dra ek baie jare al ’n afdruk van Rembrandt se skildery van Simeon by die tempel, die ou man met die baba Jesus in sy arms – een van Rembrandt se mooiste en veelseggendste werke. Ons kyk vir ’n oomblik na Rembrandt se skilderye van Simeon en Anna.

Al praat die Bybelverhaal hoeveel keer van Simeon wat gesien het, wat ooggetuie was, met sy eie oë gesien het, teken Rembrandt hom met toe oë. Want nou sien hy van binne uit, met geloofsoë, nou het die vrede die verlange om self te kan sien, stilgemaak. Die diepe troos, die versoening met God, homself en ander, het op hierdie oomblik vir hom aangebreek, deurgebreek in sy binneste. Dit sien mens in hierdie portret. Ook hierdie

skildery is – soos baie ander deur Rembrandt – eintlik 'n selfportret. Rembrandt het dit aan die einde van sy lewe geskilder, in 'n tyd toe hy al siek en baie broos was, toe hy verarm was en sy hele gesin hom al ontval het. Maar ten spyte daarvan kon hy binne-in hom die vrede van die Messias ervaar, vervulling, 'n versoen-wees. Rembrandt het nooit die skildery voltooi nie. Dit het nog op die esel gestaan om afgerond te word toe die Here sy diensknege in vrede ontslaan het.

Rembrandt het verstaan wat hierdie innerlike getroostheid beteken, en waar dit te vinde was. 'n Klompie jare vroeër in sy lewe het hy al die portret van Anna geskilder, die vrou wat self byna verberg sit in die skadu, met die lig wat net op die Woord val, op haar hand wat die beloftes van God oor sy vrede in die profeteboeke nalees. Vrede, ons enigste troos in lewe en dood, het Rembrandt geleer, kom ten spyte van die donker in ons en die donker rondom ons, ten spyte van onself en ons omstandighede, net deur die oorgawe en die vashou aan die Woord, die vleesgeworde Woord.

In Simeon en Anna se hande het Rembrandt dié Woord van God geteken, die Ou en die Nuwe Testament. Albei gee dan die Woord, dié vredesboodskap aan ander deur.



## **Dag 8: God kom woon binne-in ons – deur die Heilige Gees**

Johannes 14:15–17, 16:7–15 en Handeling 2:1–4, 12–21



### **Inleiding**

Ons het al stilgestaan by die belangrikste groot bewegings van God na ons as mense toe. God het Adam en Eva kom soek en roep. God het hom aan Abraham kom verbind. God het hom aan Moses kom bekendstel. God het in sy Seun mens kom word en tussen ons kom woon. Dis aangrypend om die verhale weer te hoor. Dit wek verwondering en laat ons besef God het regtig na ons toe beweeg, in liefde na ons toe uitgereik.

Uiteindelik gaan dit alles ons niks help as dié waarhede nie deel van ons lewe word nie. As dit nie binne in ons lewens grondvat en ons lewens omdop en verander nie, bly dit maar net aangrypende verhale, wat ek hoor. Ekself word nie daardeur verander of in beweging gebring nie. Dit waai maar by my verby.

God die Vader, en Jesus die Seun, het saam die Heilige Gees na ons gestuur om tussen ons te kom woon, veral ook binne ons. So kon die Heilige Gees alles wat God gesê of gedoen het, al God se werk, al God se groot bewegings na ons toe, binne-in ons lewe kom waar maak, in ons harte laat grondvat om daar te ontkiem en te groei sodat dit in ons lewe vrug kan dra.

God het gekom, om ook binne-in ons te kom woon ... Is dit nie 'n geweldige gedagte nie! Die Gees van God, wat self ook God is, het hier rondom ons, maar ook binne-in ons kom woon. Daarvoor is ons met hierdie Pinkster opnuut verwonderd.

Ons maak in die teologie en in ons kerke moontlik te min van die Heilige Gees. Ons vergeet dikwels die Heilige Gees is net so belangrik en netso God as die Vader en die Seun. Ons vergeet meestal om oor God te dink as Drie-enige God. In meeste van ons koppe is 'n prentjie van God die Vader, wat daar bo in die Hemel is, en Jesus Christus die Seun, wat hier op aarde was, maar toe ook weer teruggegaan het hemel toe. Dit laat God soms so

ver voel – daarbo iewers. Dan vergeet ons van God wat nou hier, rondom ons en binne-in ons, self teenwoordig is deur sy Heilige Gees.

Onthou dat Martin Luther die Hervormer gesê het dat deur die Heilige Gees kom God nader aan ons as ons eie hemp. Hy kom woon in ons.

### **Wie is die Heilige Gees?**

Die Heilige Gees is meer as net 'n krag. Die Heilige Gees is 'n lewende persoon, die derde persoon in God drie-enig. Daarom bestaan die Heilige Gees van altyd af, nes God die Skepper self. Reeds voor die skepping, so lees ons in Genesis 1, het die Gees van God oor die donker waters gesweef en toe daarvoor beheer geneem, daaraan orde en lewe gegee en so die skepping tot stand gebring. Die Gees is God self wat aan werk is. Die werkende God. Deur die hele Ou Testament lees ons hoe God deur sy Gees met mense gewerk het, in die geskiedenis en in die natuur.

Dis moeilik om te beskryf presies hoe die Gees is. Die Bybel gebruik veral drie woorde of simbole om die Gees te verduidelik, ons iets van die Heilige Gees se werking te laat verstaan. Die Gees word dikwels **asem** genoem, God se asem. Die beeld van asem het veral met lewe te doen, asem wat tot lewe wek, lewensasem. Toe God sy asem in Adam se neus geblaas het, het Adam lewend geword. As God sy asem wegneem, sterf lewende wesens – sê Psalm 104. Die Gees word ook **wind** genoem, om iets van die beweeglikheid en die krag van die Gees te verduidelik. Die Gees waai waar Hy wil, onstuitbaar, het Jesus self vir Nikodemus verduidelik. Die Gees word ook **gawe** genoem. Dis 'n geskenk wat God gee. Die Gees rus jou toe vir jou werk, gee krag, gee vermoëns, gee wysheid. As God byvoorbeeld die gawe van die sy Gees wegneem, kan koning Saul nie langer regeer nie, want hy word stapelgek.

Daarom is dit so wonderlik dat die Here Jesus, nadat Hy opgevaar het hemel toe, ons sy Heilige Gees gestuur het – op Pinksterdag. Op 'n nuwe manier sou God nou by ons wees, by almal van ons. Die Gees verteenwoordig God se groot beweging om nie net tussen ons te kom woon nie, maar binne ons, nader as ons hemp.

### **Wat doen die Heilige Gees?**

Die Gees kom van God die Vader af, maar is tegelyk ook die Gees van Christus. Die Gees se werk is om alles wat die Vader doen en alles wat die Seun doen, waar te maak, uit te voer, rondom ons, maar ook binne-in ons. Alles wat God doen, doen Hy eintlik maar deur sy Gees.

Mens sou die Heilige Gees se werk in drie groot terreine kon afbaken.

*Die Gees maak ons ore, oë en verstand oop*

Die eerste groot werk van die Heilige Gees is om ons **ore** en ons **oë** en ons **verstand** oop te maak, sodat ons die Vader en Jesus kan raaksien, God se Woord kan hoor en kan verstaan wat God se wil is. Jesus het mos belowe om die Gees te stuur sodat Hy ons in die hele waarheid sal lei, om alles oor God aan ons bekend te maak.

Vir hierdie werk gebruik die Heilige Gees veral die Woord van God, die Bybel. Dis die Heilige Gees wat self elkeen van die Bybelskrywers gelei en geïnspireer het om elke Bybelboek so te skryf, dat dit God se ware Woord kan wees. God se eie woord weerklink daarin. As ons die Woord vandag nog hoor of lees, is dit die Heilige Gees wat ons oë en ore

en verstand oop maak om die waarheid daarvan te aanvaar. As die Gees ons nie help nie, sal elke boodskap die week by ons verbygaan. Om die Bybel reg te verstaan, moet ons fyn luister na wat die Gees vir ons sê. Ons móét dit biddend lees.

#### *Die Gees maak ons harte oop*

Die tweede groot werk van die Heilige Gees is om ons **harte** oop te maak, sodat daar geloof in ons harte kan kom. So kan ons die hele verlossing wat God deur Christus vir ons skenk, in die geloof aanvaar en ons eie maak. Sonder dat die Gees in my hart werk, kan ek nie glo dat God my soek en roep nie, dat God met my 'n verbond gesluit het nie, dat Hy homself aan my kom bekendstel het nie, en dat Hy ter wille van my as mens aan die kruis gely het nie.

Sonder die werk van die Heilige Gees sal ek dit alles nie myne kan maak nie, dit vir myself kan toe-eien nie.

#### *Die Gees maak ons hele lewe en leefruimte nuut*

Die derde groot werk van die Heilige Gees is om ons **hele lewe** – ook ons leefruimte – nuut te maak: hoe ons dink en doen, hoe ons met mekaar werk, hoe ons gemeente lyk en ons gemeenskap. Dis die Heilige Gees wat dit alles nuut maak, heel maak, daaraan nuwe lewe gee. Dis die Gees wat ons help om tot God te bid – ook in ons aanbidding as gemeente. Dis die Gees wat ons woorde gee om mee te bid en ons gebede na God toe dra. Dis die Gees wat ons in liefde aan mekaar vasbind, tot een kerk, die liggaam van Christus. Dis die Gees van God wat altyd weer nuwe lewe gee; die bome na die winter weer laat bot en die gras weer laat groei. Dis die Gees wat aan alles lewenskrag gee.

#### **Dit alles is die wek van die Gees**

Alles wat God doen, en alles wat Christus doen, al die lewe wat God gee, al die versorging en heelmaak van die ganse skepping – dit is die Gees se werk. En dis veral die Gees se werk om die beeld van God weer in ons as mense te herstel, sodat ons weer al hoe meer na God kan aard.

Daarom het God deur sy Gees binne-in ons kom woon.

## Dag 9: Die Vader omhels ons en nooi ons uit vir die fees

Lukas 15:1–3, 11–32



### Agtergrond

Jesus het graag met sondaars en tollenaars gemeng. Dit was dié soort saam met wie ordentlike mense nie eers gesien wou word nie. Jesus het met hulle sit en gesels, aan hulle geraak, selfs saam met hulle geëet en feesgevier. Hy het saam met Saggeus en sy vriende in sy huis maaltyd gehad. Hulle was gehate tollenaars wat die Jode uitgebuit het. Jesus het aan siek en onrein mense geraak – die vrou wat aan bloedvloeiing gely het. Hy het toegelaat dat h vrou met h slegte reputasie lekkerruik olie oor sy voete gooi en dit toe met haar hare afdroog. Hy het alleen by die put sit en gesels met h Samaritaanse vrou – h onbetaamlike ding vir h Joodse man. Die skrifgeleerdes en Fariseërs het teen dié optrede beswaar gemaak, want daarmee het Jesus boonop die godsdienstige reinheidwette oortree.

As antwoord op dié beskuldigings het Jesus toe drie verhale vertel, die mooiste daarvan oor die vader en sy twee seuns, en die spanning tussen hulle. Ons luister weer na die pragtige storie.

### Die verhaal begin by die jongste seun

Hy het op h dag kom vra dat sy pa sy erfporsie aan hom moet gee. Hy wou die wêreld in. Dit was h verskiklike ding om te vra. Daarmee het hy eintlik sy pa dood verklaar, hom afgeskryf, hom diep beledig. Hy kon as't ware nie wag dat sy pa doodgaan nie. Hy het sy rug op sy pa gedraai en weggegaan, na h ver land toe.

Die vreemde ding is dat sy pa dit toegelaat het, hom nie teëgegaan het nie. Sy pa wou nie die jongste seun dwing om hom lief te hê nie.

Toe gaan verkwis die jongste seun alles wat hy van sy pa geërf het. Die storie sê reguit hy het dit deurgebring. Hy het losbandig gelewe. Uiteindelik het hy eensaam en verstote tussen die varke beland, as varkoppasser. Vir 'n Jood was dit die laagste werk denkbaar – varke is die onreinste van alle diere! Boonop het die jongman so honger geword dat hy gewens het hy kan van die varke se peule eet.

Daar, op die laagste laagtepunt, kom die seun toe tot inkeer en besef hy die fout van sy lewe; hy moes liever by sy pa gebly het. Selfs sy pa se bediendes kry nie so swaar soos hy nie, het hy gedink. Dit het by hom deurgedring hoe seer hy sy pa moes gemaak het, hoe hy hom beledig het, hoe hy sy pa deur sy eie optrede dood verklaar het. Hy het besef hy het nie net teen sy pa nie, maar teen die Here gesondig. Net daar draai hy om en besluit om na sy pa toe terug te gaan, met die voorneme om sy skuld te gaan bely en te vra of hy nie dalk maar as bediende vir sy pa kan werk nie. Hy het nie verdien om weer as sy pa se seun behandel te word nie. Hy het toe uit die ver land teruggeloop, huis toe.

### **Die wagtende vader**

Wat gaan die pa doen? Hoe gaan hy hierdie slegte seun van hom hanteer? Hom wegjaag? Hom tog maar as bediende inneem? Die storie skuif die aandag dan na die pa se optrede, beskryf dan sy bewegings. Kyk net wat doen die vader:

Hy het skynbaar vir sy seun staan en wag, elke dag na die horison getuur. Sal sy seun nie dalk eendag terugkom nie? Daarom kon hy dié dag sy seun al ver sien aankom – asof hy hom ingewag het.

Toe die pa sy seun so sien aankom, in sy kaalvoet vodde, met al sy skuldgevoelens en skaamte en vrees – 'n gebroke mens – het hy hom innig jammer gekry, staan hier. 'n Deernis wat hier diep uit die vader se binneste gekom het. Die liefde wat net 'n ouer kan hê ...

Toe het die pa sy seun tegemoet gehardloop. Vir 'n man met status, 'n pa van groot seuns en wat skynbaar baie besittings en slawe gehad het, was dit in daardie kultuur ongehoord om te hardloop. Dit was vernederend. Hierdie pa kon nie anders nie. Hy hardloop sy seun tegemoet.

En toe omhels hy hom en soen hom ... nog voor die seun iets kon sê. Hy het sy arms om sy seun gesit – sy vaderhande sonder verwyf, vertroostend op sy rug.

En die pa antwoord nie eers toe sy seun wel probeer skuld bely en vra om 'n slaaf in sy pa se huishouding te word nie.

Al antwoord wat die pa gee was om vir sy werksmense opdrag te gee om 'n vetgemaakte kalf te gaan slag, mooi klere – die beste – te bring en 'n ring aan sy vinger te sit – simbool dat hy hom weer verhef tot die status van sy eie seun.

Kom laat ons feesvier, was die pa se antwoord. My seun is terug. Hy was dood en hy lewe weer. Hy was verlore en ek het hom teruggekry!

Toe het hulle begin feesvier, vrolik en bly.

### **Die fokus op die ouer seun**



Wat doen die ouer broer? Hy staan nors buite. Hy was kwaad en wou nie by die fees in die huis aansluit nie. Hy het veronreg gevoel. Vir hom het dit wat hier gebeur nie billik gevoel nie. Besef sy pa dan nie hoe die jonger broer alles deurgebring het nie – met prostitute, noem hy dit by die naam. Nou slag sy pa die vetgemaakte kalf, trek hy vir hom mooi klere aan, 'n ring, vier hulle fees. Pa het nou te ver gegaan in sy betoning van genade en vergiffenis teenoor kleinboet. So kwaad was hy, dat hy sy jonger broer nie eers meer as my broer wou aanspreek nie. Hy praat van “hierdie seun van pa”.

Boonop het sy pa vir hom, wat nog altyd as seun by die huis gebly het, nog nooit so 'n fees gereël nie ... Hy het bitterlik veronreg gevoel. Ons kan dit nogal verstaan. Ons kan onself maklik in die skoene van die ouer broer plaas.

Wat doen die pa van die ouer broer dan? Jak hy hom af? Stoot hy hom weg? Nee, hier staan die pa het uitgegaan en mooi met hom gepraat, probeer verduidelik, hom binnegenooi. Kind, jy bly my kind, alles wat ek het, is ook joune, ek het jou nie verontreg nie. Kom nou, word deel van die fees, aanvaar weer jou jonger broer, versoen jou met jou broer, kom vier fees omdat hy weer deel van ons gesin is.

En daar stop die verhaal. Ons weet nie of die oudste broer toe saam kom feesvier het nie, of hy die uitnodiging aanvaar het nie.

### **Wat leer ons uit die die verhaal?**

Dis so 'n pragtige verhaal wat vanself spreek. Mens bederf dit eintlik om meer te probeer sê. Maar kom ons vra net enkele vrae:

#### *Identiteit van die jongste seun*

**Wie is die jongste seun?** Na wie wou Jesus hê moes dit heenwys? Dit het in die eerste plek heengewys na al die sondaars en tollenaars waarmee Jesus gemeng het. Mense wat Hom aanvaar het in die geloof, wie se sonde vergewe is. Dis hulle saam met wie Jesus feesvier, dis oor hulle wat Jesus feesvier, oor elke sondaar wat hom bekeer en terugkeer na die vaderhuis.

Die jongste seun wys ook na elkeen van ons wat vandag die verhaal hoor. Ook ek was verlore, ook ek raak verlore, ook ek loop soms weg uit die vader se teenwoordigheid ... Dis nie so moeilik om my naam in die plek van die verlore seun se naam in te skryf nie. Daarom sing ons graag die lied: “Genade onskryflik groot”. Ons weet die verlore seun se verhaal is eintlik ons elkeen se eie verhaal.

Op 'n baie dieper vlak wys die verlore seun ook bietjie op Jesus self. Het Jesus dan nie soos 'n verlore seun vir ons kom word nie, in ons diepste ellende kom in-daal nie? Nogal 'n aangerypende gedagte – Jesus word terwille van ons die verlore seun, godverlate aan die kruis ... sodat ons nooit weer deur God verlaat sal word nie. Sodat ons kan tuiskom, kan feesvier, in die Vader se huis.

#### *Identiteit van die vader*

**Wie is die vader in hierdie verhaal?** Natuurlik wys dit op God ons Vader. So is God. Net soos hierdie pa. So staan Hy ons en inwag, so hardloop Hy ons tegemoet, met oop arms, omhels Hy ons, verwelkom Hy ons terug, maak Hy vir ons 'n fees gereed. Met oopgesperde arms staan God ons en inwag. Nee, Hy hardloop ons tegemoet en nooi Hy ons na die fees

van sy omhelsing. So is God, verduidelik Jesus met die verhaal. Ook daarvoor sing ons die lied: "Genade onbeskryflik groot ..."

Maar elkeen van ons behoort ook soos die pa in die verhaal te wees. In die plek van die pa moet ons ook ons eie naam skryf. Soos hierdie pa moet ons mekaar met genade inwag, omhels, vergewe, met mekaar saam kan fees vier. Ons moet dit met die mees onwaarskynlike mense doen. Is ons nie beelddraers van God, wat doen soos Hy doen nie! Binne sy omhelsing kan ons mos nie anders as om mekaar te omhels nie!

*Identiteit van die ouer broer*

**Wie is die ouer broer in die verhaal?** Natuurlik ook ek en jy, ons wat reeds deel van die kerk is. Die ouer broer is die kerk self, die skrifgeleerdes en Fariseërs van ons dag. Dis ons, ons wat so sukkel om bly te wees oor ander wat huis toe kom, ons wat so oordeel en veroordeel, ons wat ander so maklik uitsluit, ons wat so veronreg voel, ons wat so sukkel om te deel in die vreugde van God se genade.

### **h Oop uitnodiging**

Wat hierdie ouer broer betref, staan die verhaal oop. Ons weet nie hoe hy toe op sy vader se mooipraat en innooi na die fees reageer het nie. Die antwoord staan oop, want Jesus wil dit eintlik aan ons elkeen oorlaat om te antwoord.

Wil jy nie maar inkom na die fees toe nie, nooi Jesus jou vandag uit ...

## Dag 10: God neem ons saam in sy beweging na die wêreld

Handelinge 1:8, 2:1–21, 32–42



### Inleiding

Ons het die voorafgaande dae stilgestaan by perspektiewe op God se beweging na ons mense toe. Ons het vertoef by God wat na Adam en Eva kom soek en hulle kom roep. Ons is herinner aan God wat hom aan Abraham kom verbind in 'n verbond vol beloftes van seën. Ons het in die woestyn gedraai waar God aan Moses verskyn om God self bekend te stel. In die Johannes-evangelie en die Filippensebrief het ons 'n skets gesien van God wat mens word en tussen ons kom woon. Die Johannes-evangelie en Handelinge het ons verder herinner aan God wat as Heilige Gees binne ons kom woon. Lukas het ons met 'n gelykenis laat sien hoe God hardloop om ons te kom omhels. Elke keer neem God inisiatief om nader te kom, na ons toe.

Vandag sluit ons die reeks af met God se voorlaaste beweging. Ons hoor hoe God ons meeneem in sy beweging na die wêreld toe ...

### Pinksterfees in Jerusalem

Dié Sondag was Jerusalem propvol mense. Joodse pelgrims het uit alle wêrelddele gekom om die Pinksterfees te vier. Daar was Jode wat verkillende tale gepraat het van die lande waar hulle gewoon het. Pinksterfees was veral 'n verbondsvernuwingsfees. Al die Jode uit die verskillende lande het kom vier dat hulle kinders van Abraham was, deel van God se verbondsvolk. God is hul God en hulle is God se uitverkore volk, die volk wat kan aanspraak maak op God se seën. Dit het hulle kom vier, opnuut kom bevestig. Hulle het ongelukkig nie goed verstaan dat God se verbond ook beteken het hulle sal 'n seën vir ander, vir die nasies, wees nie.

God se einddoel is dat Hy die hele wêreld weer heel en nuut wil maak. God wil die verlossing by die eindes van die aarde uitbring.

Dan gebeur dit. God die Vader en God die Seun, stuur saam die Heilige Gees aarde toe. Dit gebeur met kragtige tekens: vuur en wind, 'n geweldige geluid. Dit was tekens dat God self in dié gebeure teenwoordig is. God self kom as Gees nou by elkeen bly, binne-in elkeen. Soos tonge van vuur daal die Gees op elkeen van sy dissipels neer. So kom vul God sy volgelinge met sy eie teenwoordigheid. So vol word hulle van God die Heilige Gees, dat hulle in die baie tale van die mense wat daar uit die verskillende lande was, vertel wat met hulle gebeur het.

Die pelgrims wat in Jerusalem was, was verbaas oor wat hier gebeur. Is die mense dan dronk? Toe staan Petrus op en begin verduidelik. Hierdie man wat 'n paar weke terug te bang was om teenoor 'n diensmeisie te getuig, staan nou met vrymoedigheid op en begin preek. Want, staan hier, hy was nou gelei deur die Gees, vol van die krag van die Gees. Die mense is nie dronk nie! Verduidelik hy.

### **Petrus getuig deur die Gees**

Petrus verduidelik in 'n preek die betekenis van hierdie geweldige gebeure.

#### *Die vervulling van die beloftes van die Ou Testament*

Wat hier gebeur, is veral die vervulling van die beloftes wat God gegee het toe Hy met Abraham 'n verbond gesluit het. Hierdie Pinksterfees is **'n verbondsvernuwingsfees**. Maar die klem skuif nou: Nie net Israel nie, nie net die direkte afstammeling van Abraham, die Jode nie, is deel van die verbond nie, maar almal, mense uit alle tale en nasies. Almal deel in die seëning van die verbond met Abraham. Petrus sluit sy preek af met 'n opsomming in vers 39: "Wat God belowe het, is vir julle en julle kinders en vir almal wat daar ver is, almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep."

Dis opvallend hoe baie keer in die hoofstuk die woorde "almal" of "elkeen" of "alle mense" voorkom. Op "elkeen" het die Gees gekom, op seuns en dogters, jongmense en oumense, op "alle" mense – niemand word uitgesluit nie. Daarom hoor "elkeen" die boodskap in hul eie taal. Jesus is die Christus, die Messias, Hy is die verlosser van "elkeen" wat Hom aanroep en in Hom glo, ongeag herkoms, taal of stand. Jesus het nie net vir die volk Israel gekom nie. Deur sy dood aan die kruis en sy opstanding het Christus die verbond met Abraham oop kom maak, die verbondsbeloftes ruim kom maak, om almal uit te nooi om daarvan deel te wees. Daarvan kom oortuig die Heilige Gees ons.

Dink net hoe wonderlik dit is wat hier gebeur! As die Heilige Gees nie gekom het om alle mense uit te nooi tot die verbond met Abraham nie, die verbond kom verruim het nie, sou ek en jy, afstammeling van Hollanders en Duitsers, die Sotho's en die Zulu's, nie deel van God se verbondsvolk kon word nie. Die bedoeling met die uitstorting van die Heilige Gees, was om ons almal te kom oortuig ons is ingesluit by die verbond wat God met Abraham gesluit het. Ons is erfgename van sy belofte van verlossing en seën. Daarvoor gaan die verhaal van Handeling: Cornelius en die ontmande uit Etiopië, mense uit Griekeland en Italië, Noord-Afrika, almal word deel van God se nuwe verbondsvolk.

Wat hier gebeur, verduidelik Petrus, is dat God in die eerste plek met ons almal wat in Jesus Christus glo, 'n verbond kom sluit. Hy belowe dat ons vir Hom soos sy eie kinders sal wees. Hy sal vir ons 'n Vader wees, wat vir ons sorg en wat aan ons die lewe in oorvloed skenk.

#### *Ingesluit by die tweede deel van die verbond met Abraham*

God het ons nie net ingesluit in beloftes van die verbond nie. God het ons **ook ingesluit in die tweede deel van die verbond met Abraham**: “In jou sal al die nasies van die aarde geseën wees.” “Deur jou en jou kinders, wil Ek die hele wêreld bereik, Abraham. Daarom sluit Ek met jou ’n verbond”, het God destyds vir Abraham verduidelik. Presies by dié deel van die verbond word ons almal hier op Pinkstersondag ingesluit. Elkeen wat gevul word met die Heilige Gees, sal noodwendig ’n getuie van die verlossing in Jesus Christus word. Onthou Jesus se laaste woorde op aarde: “Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees, in Jerusalem, in Judea en in Samaria en tot aan die uithoeke van die wêreld.”

Die Gees is in die eerste plek uitgestort om ons elkeen te vul met krag om getuies te wees, om God se seën verder uit te dra, oor die grense, tot by die uithoeke van die wêreld. Dis wat dit beteken om deel van die verbond met Abraham gemaak te word.

By Pinkster kom God af om deur sy Gees binne elkeen te kom woon. God neem ons mee in sy beweging na die wêreld toe. God maak ons deel van sy sending om tot in die uithoeke van die wêreld te getuig van die verlossing in Christus. Ons diepste identiteit as kerk, ons roeping, is dat ons meegeneem word in God se sending na die wêreld.

Daarom vertel die boek Handelingte hoe die Heilige Gees mense gebruik het om die evangelie uit te dra, alle soorte mense: ou mense, vroue, jonges, Grieke, Romeine, tronkbewaarders en soldate, slawe, Lidia die ryk vrou wat ’n modehuis bestuur het, voltydse sendelinge soos Paulus en Barnabas, en almal wat hulle ondersteun het. Lang lyste name van medewerkers vertel hoe die evangelie oor grense gaan. God neem die kerk op in God se sending na die wêreld – om oral getuies te wees. In eie omgewing, Jerusalem, maar ook verder weg, Judea, en Samaria, tot by die uithoeke. Daarvoor bestaan die kerk. Dis ons diepste identiteit en roeping. As ons nie deel van die beweging van God na die wêreld is nie, kan ons nie eintlik sê ons is kerk nie.

Om daarop aanspraak te maak dat ons deel van God se verbond is, beteken om ook toe te laat dat God die Heilige Gees deur ons na ander uitreik.

### *Die Heilige Gees bind verbondsgenote saam in die liggaam van Christus*

Die Heilige Gees het ons almal deel van die verbond met Abraham kom maak – ook vir ons, wat nie-Jode is. Tweedens maak God ons deel van die opdrag van die verbond. God maak ons deel van sy beweging na die wêreld toe, ook daar ver. In die derde plek **kom bind die Heilige Gees dan almal wat deel van die verbond is saam, in een kerk, in die liggaam van Christus**. Die Gees kom stig gemeenskap tussen ons wat glo, kom bind ons in ’n eenheid saam, ’n liefdesgemeenskap.

Kyk hoe lyk die eerste gemeente wat tot stand kom as die Gees mense wat glo bymekaar maak en saamvoeg om ’n kerk te vorm: Hulle kom graag saam – om die Here te aanbid, te luister na sy Woord, graag saam te eet, by mekaar te kuier, mekaar te help en te versorg. Hulle is saam bly en sing saam tot eer van die Here – saamgebind in liefde. Die werk van die Heilige Gees is om ’n liefdesgemeenskap tot stand te bring in die wêreld. ’n Gemeenskap wat anders as die wêreld lyk, waar mense mekaar regtig liefhet en help.

Juis dit is die kragtigste deel van ons roeping tot getuie. Jesus het immers self gebid: “Vader, gee dat hulle een sal wees, sodat die wêreld kan glo ...” Hoe die kerk is, hoe ons mekaar in liefde vashou, is die kragtigste manier om ’n getuie teenoor die wêreld te

lewer. As ons verdeeld en verskeurd is, onder mekaar baklei en ons van mekaar afskei, hoe sal die wêreld kan glo ons aanbid 'n Here van liefde?

Kyk wat gebeur hier as die kerk sigbaar 'n liefdesgemeenskap in die wêreld word. Hier staan: "Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg". Wanneer mense uit alle tale en stande tot een liefdesgemeenskap verenig word, is dit die sterkste getuienis oor God se liefde teenoor die wêreld. Juis om ons so saam te voeg, in liefde, het die Heilige Gees gekom.

Mag die Here gee dat ons vandag, op Pinkstersondag, vrolik sal feesvier. Mag die Heilige Gees ons oortuig dat ons almal nou deel van die verbond met Abraham is. Mag ons opnuut in verwondering ontdek God wil ons deur sy Gees mee neem in sy beweging met die wêreld. Mag ons toelaat dat die Gees ons so in liefde aan mekaar sal bind, aan al God se kinders kom vasbind, dat die wêreld dit sal sien, en dat die Here deur ons getuienis al hoe meer mense tot die gemeente sal toevoeg.

### **Ons roeping in God se tweede laaste beweging**

Ons roeping, God se doel met die Heilige Gees wat in die kerk kom woon, is om ons op te neem in God se tweede laaste beweging na die wêreld toe, totdat Hy sy laaste beweging maak, wanneer Jesus weer kom om alles finaal heel en nuut te kom maak.